Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY – POST FREE

VOL. XI.] KAAPSTAD, 6 MAART 1964. CAPE TOWN, 6TH MARCH, 1964. [No. 738.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 317.] [6 Maart 1964.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY

No. 15 van 1964: Wysigingswet op die Brandstofnavorsingsinstituut en Steenkool, 1964. 4
No. 16 van 1964: Wet op Traangas, 1964. 2
No. 17 van 1964: Gedeeltelike Begrotingswet, 1964. 6
No. 18 van 1964: Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1964. 8

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 317.] [6th March, 1964.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

PAGE

No. 15 of 1964: Fuel Research Institute and Coal Amendment Act, 1964. 5
No. 16 of 1964: Tear-gas Act, 1964. 3
No. 17 of 1964: Part Appropriation Act, 1964. .. 7
No. 18 of 1964: Railways and Harbours Additional Appropriation Act, 1964. .. 9

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 16, 1964.]

WET

Om voorsiening te maak vir die beheer oor die vervaardiging, invoer en besit van traangas en artikels wat gebruik word om traangas vry te stel of daarvoor bestem is en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 22 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„Minister" die Minister van Justisie;

„Republiek" ook die gebied Suidwes-Afrika;

„traangas" enige stof, hetsy 'n vaste stof, vloeistof, damp of gas, of enige samestelling van sodanige stowwe wat as 'n traanverwekker gebruik word of daarvoor bestem is.

Verbod op vervaardiging of invoer van traangas of sekere artikels sonder permit.

2. (1) Niemand mag traangas of enige artikel wat gebruik word om traangas vry te stel of daarvoor bestem is, in die Republiek vervaardig of invoer nie, behalwe uit hoofde van en ooreenkomstig die beperkings of voorwaardes gestel in 'n permit uitgereik deur die Minister of deur iemand wat hy daartoe gemagtig het.

(2) Die Minister of iemand deur hom daartoe gemagtig kan 'n permit kragtens sub-artikel (1) uitgereik, te eniger tyd intrek, wysig of opskort, indien hy oortuig is dat 'n beperking of voorwaarde aan die permit verbonde nie nagekom is nie, of indien die houer van die permit aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind is, of indien hy dit in die openbare belang nodig of dienstig ag.

Verbod op besit van traangas en sekere artikels.

3. (1) Niemand mag traangas of enige artikel wat gebruik word om traangas vry te stel of daarvoor bestem is, besit nie—

(*a*) tensy hy die houer van 'n kragtens artikel *twee* uitgereikte permit is of die traangas of artikel besit by die nakoming van sy pligte in diens van so 'n houer; of

(*b*) tensy hy behoort tot 'n klas of kategorie van persone ten opsigte waarvan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* toestemming tot die besit daarvan verleen het.

(2) Enige toestemming kragtens paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) kan verleen word behoudens die in die kennisgewing bepaalde beperkings of voorwaardes en kan te eniger tyd deur die Minister by dergelike kennisgewing ingetrek word.

Inspeksie van fabriek of plek waar traangas of sekere artikels vervaardig of geberg word.

4. Enige landdros of polisiebeampte of enige ander persoon deur die Minister daartoe gemagtig, kan te eniger tyd enige perseel betree wat as 'n fabriek of plek vir die vervaardiging of berging van traangas of enige artikel wat gebruik word om traangas vry te stel of daarvoor bestem is, gebruik word en daarop die handelinge verrig wat hy nodig ag om vas te stel of die bepalings van hierdie Wet nagekom word.

Misdrywe.

5. Iemand wat—

(*a*) traangas of 'n artikel wat gebruik word om traangas vry te stel of daarvoor bestem is, in die Republiek vervaardig of invoer anders as uit hoofde van of ooreenkomstig die beperkings of voorwaardes gestel in 'n permit wat kragtens artikel *twee* uitgereik is;

(*b*) traangas of 'n artikel wat gebruik word om traangas vry te stel of daarvoor bestem is, in stryd met die bepalings van artikel *drie* besit of, in die geval van iemand wat geregtig is om dit te besit uit hoofde van enige toestemming kragtens daardie artikel verleen, versuim om hom te hou aan enige beperking of voorwaarde aan bedoelde toestemming verbonde;

(*c*) iemand anders by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet hinder, dwarsboom of vertraag,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 16, 1964.]

ACT

To provide for the control of the manufacture, importation and possession of tear-gas and articles used or intended to be used for releasing tear-gas and for other incidental matters.

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 22nd February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"Minister" means the Minister of Justice;

"Republic" includes the territory of South-West Africa;

"tear-gas" means any substance, whether a solid, liquid, vapour or gas, or any combination of such substances used or intended to be used as a lachrymator.

Prohibition of manufacture or importation of tear-gas or certain articles without a permit.

2. (1) No person shall manufacture in or import into the Republic any tear-gas or any article used or intended to be used for releasing tear-gas, except under the authority of and in accordance with the restrictions or conditions stated in a permit issued by the Minister or any person authorized by him.

(2) The Minister or any person authorized by him may at any time cancel, amend or suspend any permit issued under sub-section (1), if he is satisfied that any restriction or condition attached to the permit has not been observed, or if the holder of the permit has been convicted of an offence under this Act, or if he deems it necessary or expedient in the public interest.

Prohibition of possession of tear-gas and certain articles.

3. (1) No person shall be in possession of tear-gas or any article used or intended to be used for releasing tear-gas—

(*a*) unless he is the holder of a permit issued under section *two* or is in possession of the tear-gas or article while performing his duties in the service of any such holder; or

(*b*) unless he falls within any class or category of persons in respect of which the Minister has by notice in the *Gazette* granted permission to be in possession thereof.

(2) Any permission under paragraph (*b*) of sub-section (1) may be granted subject to such restrictions or conditions as may be specified in the notice and may at any time be withdrawn by the Minister by like notice.

Inspection of factory or place where tear-gas or certain articles are manufactured or stored.

4. Any magistrate or police officer or any other person authorized by the Minister may at any time enter any premises used as a factory or place for the manufacture or storing of tear-gas or any article used or intended to be used for releasing tear-gas and may perform thereon such acts as he may deem it necessary in order to determine whether the provisions of this Act have been complied with.

Offences.

5. Any person who—

(*a*) manufactures in or imports into the Republic any tear-gas or any article used or intended to be used for releasing tear-gas otherwise than under the authority of or in accordance with the restrictions or conditions stated in a permit issued under section two;

(*b*) is in possession of tear-gas or any article used or intended to be used for releasing tear-gas in contravention of the provisions of section *three* or, in the case of a person entitled to be in possession thereof by virtue of any permission granted under that section, fails to observe any restriction or condition attached to such permission;

(*c*) hinders, obstructs or delays any other person in the exercise of his powers under this Act,

is guilty of an offence and liable on conviction—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(i) in die geval van 'n by paragraaf (*a*) of (*b*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens agthonderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf of met daardie gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(ii) in die geval van 'n by paragraaf (*c*) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf of met daardie gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika.

6. Hierdie Wet is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika (met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel waarna in artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), verwys word) en met betrekking tot alle persone in dié deel van genoemde gebied bekend as die „Rehoboth Gebiet" en in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van genoemde gebied omskryf.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

7. Hierdie Wet heet die Wet op Traangas, 1964, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

No. 15, 1964.]

WET

Tot wysiging van die Wet op die Brandstofnavorsingsinstituut en Steenkool, 1963.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 22 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 18 van Wet 35 van 1963.

1. Artikel *agtien* van die Wet op die Brandstofnavorsingsinstituut en Steenkool, 1963, word hierby gewysig deur in sub-artikel (5) na die woorde „boete van", waar hulle die tweede maal voorkom, die woord „hoogstens" in te voeg.

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Brandstofnavorsingsinstituut en Steenkool, 1964.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(i) in the case of an offence referred to in paragraph (*a*) or (*b*), to a fine not exceeding eight hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and such imprisonment or to such imprisonment without the option of a fine;
(ii) in the case of any offence referred to in paragraph (*c*), to a fine not exceeding two hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment or to such imprisonment without the option of a fine.

Application of Act to South-West Africa.

6. This Act shall apply also in the territory of South-West Africa (including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section *three* of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951)), and in relation to all persons in that portion of the said territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the said territory.

Short title and date of commencement.

7. This Act shall be called the Tear-gas Act, 1964, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

No. 15, 1964.]

ACT

To amend the Fuel Research Institute and Coal Act, 1963.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 22nd February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 18 of Act 35 of 1963.

1. Section *eighteen* of the Fuel Research Institute and Coal Act, 1963, is hereby amended by the insertion in the Afrikaans version of sub-section (5) after the words "boete van", where they occur for the second time, of the word "hoogstens".

Short title.

2. This Act shall be called the Fuel Research Institute and Coal Amendment Act, 1964.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 17, 1964.]

WET

Tot aanwending van 'n som van hoogstens driehonderd vyf-en-twintigmiljoen rand vir die diens van die Republiek vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1965 eindig.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 24 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Gekonsolideerde Inkomstefonds belas met R263,000,000 op Inkomsterekening, R7,000,000 op Bantoe-onderwysrekening en R55,000,000 op Leningsrekening.

1. Op en na die eerste dag van April 1964 mag die somme geld gesamentlik ten bedrae van hoogstens tweehonderd drie-en-sestigmiljoen rand vir inkomstedienste, sewemiljoen rand vir Bantoe-onderwys en vyf-en-vyftigmiljoen rand vir leningsdienste wat van tyd tot tyd nodig mag wees vir die diens van die Republiek vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1965 eindig uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds uitgereik word, totdat die Parlement in 'n Begrotingswet daarvoor voorsiening maak.

Somme ingevolge hierdie Wet uitgereik, word beskou as voorlopige voorskotte.

2. Alle somme kragtens die bepalings van hierdie Wet uitgereik, word beskou as voorskotte op rekening van gelde wat deur die Parlement in 'n Begrotingswet toegestaan sal word vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1965 eindig, en by die inwerkingtreding van daardie Begrotingswet tree hierdie Wet buite werking en word gelde wat kragtens hierdie Wet reeds uitgereik is, beskou as uitreikings kragtens daardie Begrotingswet en moet sodanige uitreikings ooreenkomstig die bepalings daarvan verantwoord word: Met dien verstande dat daar nie beskou word dat dienste waarvoor geen uitgawe gedurende die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1964 eindig, behoorlik kragtens 'n Begrotingswet gemagtig is nie, of waarvoor geen wetlike magtiging bestaan nie, deur artikel *een* van hierdie Wet gemagtig word nie.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Gedeeltelike Begrotingswet, 1964

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 17, 1964.]

ACT

To apply a sum not exceeding three hundred and twenty-five million rand towards the service of the Republic for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1965.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 24th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Consolidated Revenue Fund charged with R263,000,000 on Revenue Account, R7,000,000 on Bantu Education Account and R55,000,000 on Loan Account.

1. On and after the first day of April, 1964, there may be issued out of the Consolidated Revenue Fund such sums of money not exceeding in the aggregate the sum of two hundred and sixty-three million rand for revenue services, seven million rand for Bantu education and fifty-five million rand for loan services as may from time to time be required for the service of the Republic for the financial year ending on the 31st day of March, 1965, until such time as provision is made therefor by Parliament in an Appropriation Act.

Sums issued under this Act to be advances in anticipation.

2. All sums issued under the provisions of this Act shall be deemed to be advances on account of grants to be made by Parliament in an Appropriation Act for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1965, and upon the commencement of such Appropriation Act, this Act shall cease to have effect and issues already made hereunder shall be deemed to be issues under that Appropriation Act, and shall be accounted for in accordance with the provisions thereof: Provided that no services upon which expenditure has not been duly authorized under an Appropriation Act during the financial year ending on the thirty-first day of March, 1964, or for which there is no statutory authority, shall be deemed to be authorized under section *one* of this Act.

Short title.

3. This Act shall be known as the Part Appropriation Act, 1964.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 18, 1964.]

WET

Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens een-en-twintig-miljoen drie-en-negentigduisend seshonderd vyf-en-sewentig rand uit die Spoorweg- en Hawefonds vir die dienste van die spoorweë en hawens vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1964 eindig.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 24 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Spoorweg- en Hawefonds belas met R21,093,675.

1. Die Spoorweg- en Hawefonds word hierby belas met sodanige somme geld as wat nodig is vir die dienste van die spoorweë en hawens van die Republiek gedurende die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1964 eindig, maar gesamentlik ten bedrae van hoogstens agtienmiljoen tweehonderd agt-en-sewentigduisend vierhonderd vyf-en-sewentig rand vir inkomstedienste en tweemiljoen agthonderd en vyftienduisend tweehonderd rand vir kapitaal- en verbeteringsdienste bo en behalwe die bedrae waarvoor voorsiening gemaak is deur die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1963 (Wet No. 28 van 1963), en die Tweede Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1963 (Wet No. 59 van 1963).

Hoe die gelde bestee moet word.

2. Die gelde deur hierdie Wet beskikbaar gestel, moet aangewend word vir die doeleindes vermeld in die Eerste en Tweede Bylaes by hierdie Wet en nader omskrywe in die Begroting van Addisionele Uitgawe [R.P. 3—1964] en die Tweede Begroting van Addisionele Uitgawe [R.P. 4—1964] vir die genoemde jaar soos deur die Parlement goedgekeur.

Minister kan afwykings magtig.

3. (1) Met die goedkeuring van die Minister van Vervoer kan 'n besparing op die een of ander van die hoofde aangetoon in kolom 1 van die Eerste Bylae by hierdie Wet beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op 'n ander hoof wat voorkom in kolom 1 van die Eerste Bylae by die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1963 (Wet No. 28 van 1963), en insgelyks kan 'n besparing op die een of ander van die hoofde aangetoon in kolom 1 van die Tweede Bylae by hierdie Wet beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op 'n ander hoof wat voorkom in kolom 1 van die Tweede Bylae by genoemde Wet of in kolom 1 van die Eerste Bylae by die Tweede Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1963 (Wet No. 59 van 1963).

(2) Geen bedrag wat voorkom in kolom 2 van die Eerste of die Tweede Bylae by hierdie Wet mag oorskry word nie, en besparings daarop mag vir geen ander doel as dié waarvoor die geld hierby beskikbaar gestel word, soos aangetoon in daardie Bylaes, aangewend word nie.

Aanwending van R69,804 verkry uit aansuiwering van uitbetalings gemaak uit bedryfskapitaal-bewilliging.

4. Die som van nege-en-sestigduisend agthonderd-en-vier rand, wat 'n gedeelte is van die gelde wat vir bedryfskapitaal bewillig is deur die Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1960 (Wet No. 4 van 1960), en die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1960 (Wet No. 19 van 1960), en nou beskikbaar is as gevolg van die terugbetaling deur die Pietermaritzburgse Korporasie van die verhaalbare uitgawe aangegaan deur die Spoorwegadministrasie ten behoewe van genoemde Korporasie uit hoofde van genoemde bewilliging vir die doel vermeld onder item No. 1419 van hoof No. 8 van die Begroting van Uitgawe [U.G. 6—1961] soos deur die Parlement goedgekeur, kan wettig aangewend word vir die dienste in die Tweede Bylae by hierdie Wet vermeld.

Bronne waaruit beskikbaargestelde gelde verskaf sal word.

5. Die gelde wat deur hierdie Wet vir kapitaal- en verbeteringsdienste beskikbaar gestel word, moet uit die in die Derde Bylae by hierdie Wet vermelde bronne verskaf word.

Kort titel.

6. Hierdie Wet heet die Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1964.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 18, 1964.]

ACT

To apply a further sum not exceeding twenty-one million ninety-three thousand six hundred and seventy-five rand from the Railway and Harbour Fund for the services of the railways and harbours for the year ending the thirty-first day of March, 1964.

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 24th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Railway and Harbour Fund charged with R21,093,675.

1. The Railway and Harbour Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the services of the railways and harbours of the Republic for the year ending the thirty-first day of March, 1964, not exceeding in the whole for revenue services the sum of eighteen million two hundred and seventy-eight thousand four hundred and seventy-five rand and for capital and betterment services the sum of two million eight hundred and fifteen thousand two hundred rand in addition to the sums provided by the Railways and Harbours Appropriation Act, 1963 (Act No. 28 of 1963), and the Railways and Harbours Second Additional Appropriation Act, 1963 (Act No. 59 of 1963).

How moneys to be applied.

2. The moneys appropriated by this Act shall be applied to the purposes set forth in the First and Second Schedules to this Act, and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure [R.P. 3—1964] and the Second Estimates of Additional Expenditure [R.P. 4—1964] for the said year as approved by Parliament.

Minister may authorize variations.

3. (1) With the approval of the Minister of Transport a saving on any of the heads set out in column 1 of the First Schedule to this Act may be made available for any excess of expenditure on any other head appearing in column 1 of the First Schedule to the Railways and Harbours Appropriation Act, 1963 (Act No. 28 of 1963), and similarly a saving on any one of the heads set out in column 1 of the Second Schedule to this Act may be made available for any excess of expenditure on any other head appearing in column 1 of the Second Schedule to the said Act or in column 1 of the First Schedule to the Railways and Harbours Second Additional Appropriation Act, 1963 (Act No. 59 of 1963).

(2) No excess shall be incurred on any sum appearing in column 2 of either the First or the Second Schedule to this Act, and savings thereon shall not be available for any purpose other than that for which the money is hereby appropriated as indicated in those Schedules.

Utilization of R69,804 derived from repayment of disbursements made from working capital appropriation.

4. It shall be lawful to devote to the services appearing in the Second Schedule to this Act the sum of sixty-nine thousand eight hundred and four rand, being part of the moneys appropriated for working capital by the Railways and Harbours Additional Appropriation Act, 1960 (Act No. 4 of 1960), and the Railways and Harbours Appropriation Act, 1960 (Act No. 19 of 1960), and now available in consequence of the repayment by the Pietermaritzburg Corporation of the recoverable expenditure incurred by the Railway Administration on behalf of the said Corporation pursuant to the said appropriation for the purpose specified under Item No. 1419 of Head No. 8 of the Estimates of Expenditure [U.G. 6—1961] as approved by Parliament.

Sources from which moneys appropriated will be provided.

5. The moneys appropriated by this Act for capital and betterment services shall be provided from the sources set out in the Third Schedule to this Act.

Short title.

6. This Act shall be called the Railways and Harbours Additional Appropriation Act, 1964.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Eerste Bylae.

INKOMSTEDIENSTE.

Hoof No.	Hoof.	Kolom 1.	Kolom 2.
		R	R
	SPOORWEË		
	Vervoerdienste—		
1	Algemene koste	575,000	—
2	Onderhoud vanspoorbaanenwerke	767,000	—
3	Onderhoud van rollende materiaal	3,376,000	—
4	Treinloopkoste	3,670,660	—
5	Verkeerskoste	3,359,000	—
6	Superannuasie	277,000	—
	Hulpdienste—		
12	Padvervoerdiens	1,027,300	—
13	Toeristediens	209,700	—
	Netto inkomsterekening—		
17	Diverse uitgawe	—	2,078,000
	HAWENS.		
	Vervoerdienste—		
19	Bedryfskoste	225,315	—
	Netto inkomsterekening—		
25	Diverse uitgawe	—	6,500
	LUGDIENS.		
	Vervoerdienste—		
28	Eksploitasie en onderhoud ..	1,673,500	—
	Netto inkomsterekening—		
30	Diverse uitgawe	—	58,500
	AANWENDINGSREKENING VAN NETTO INKOMSTE.		
34	Spesiale bydrae tot Vernuwingsfonds	—	975,000
	Totaal	R18,278,475	

Tweede Bylae.

KAPITAAL- EN VERBETERINGSDIENSTE.

Hoof No.	Hoof.	Kolom 1.	Kolom 2.
		R	R
2	Nuwe werke aan oopgestelde lyne: (*a*) Leningsfondse, verbeteringsfonds, kapitaalkrediete en invorderings	1,122,900	—
3	Rollende materiaal	691,000	—
5	Hawens	—	1,000,000
6	Lugdiens	—	1,300
	Totaal	R2,815 200	

SAMEVATTING.

	R
Inkomstedienste (Eerste Bylae)	18,278,475
Kapitaal- en Verbeteringsdienste (Tweede Bylae)	2,815,200
	R21,093,675

Derde Bylae.

BRONNE WAARUIT DIE ADDISIONELE FONDSE VIR KAPITAAL- EN VERBETERINGSDIENSTE VERSKAF SAL WORD:

	R
Kapitaalkrediete	1,359,598
Invorderings van munisipaliteite en ander bronne as bydraes tot die koste van verskillende werke	570,598
Teruggawe van bedryfskapitaal wat behoeftes oorskry: Macadamisering en teer van paaie, Napiervilledorpsgebied, Pietermaritzburg	69,804
Besparings op die beskikbaarstelling kragtens die Tweede Bylae by die Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1963 (Wet No. 28 van 1963), en die Eerste Bylae by die Tweede Addisionele Spoorweg- en Hawebegrotingswet, 1963 (Wet No. 59 van 1963):	
Hoof No. 2: Nuwe werke aan oopgestelde lyne ..	665,200
Hoof No. 6: Lugdiens	150,000
	R2,815,200

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

First Schedule.

REVENUE SERVICES.

Head No.	Head.	Column 1.	Column 2.
		R	R
	RAILWAYS.		
	Transportation Services—		
1	General Charges	575,000	—
2	Maintenance of Permanent Way and Works	767,000	—
3	Maintenance of Rolling Stock ..	3,376,000	—
4	Running Expenses	3,670,660	—
5	Traffic Expenses	3,359,000	—
6	Superannuation	277,000	—
	Subsidiary Services—		
12	Road Transport Service	1,027,300	—
13	Tourist Service	209,700	—
	Net Revenue Account—		
17	Miscellaneous Expenditure ..	—	2,078,000
	HARBOURS.		
	Transportation Services—		
19	Operating Expenses	225,315	—
	Net Revenue Account—		
25	Miscellaneous Expenditure ..	—	6,500
	AIRWAYS.		
	Transportation Services—		
28	Working and Maintenance ..	1,673,500	—
	Net Revenue Account—		
30	Miscellaneous Expenditure ..	—	58,500
	NET REVENUE APPROPRIATION ACCOUNT.		
34	Special Contribution to Renewals Fund	—	975,000
	Total	R18,278,475	

Second Schedule.

CAPITAL AND BETTERMENT SERVICES.

Head No.	Head.	Column 1.	Column 2.
		R	R
2	New Works on Open Lines: (*a*) Loan Funds, Betterment Fund, Capital Credits and Recoveries	1,122,900	—
3	Rolling Stock	691,000	—
5	Harbours	—	1,000,000
6	Airways	—	1,300
	Total	R2,815,200	

SUMMARY.

	R
Revenue Services (First Schedule)	18,278,475
Capital and Betterment Services (Second Schedule) ..	2,815,200
	R21,093,675

Third Schedule.

SOURCES FROM WHICH THE ADDITIONAL FUNDS FOR CAPITAL AND BETTERMENT SERVICES WILL BE PROVIDED:

	R
Capital Credits	1,359,598
Recoveries from Municipalities and other sources as contributions towards the cost of various works	570,598
Surrender of working capital in excess of requirements: Macadamise and tar roadways, Napierville Township, Pietermaritzburg	69,804
Savings on provision made by the Second Schedule to the Railways and Harbours Appropriation Act, 1963 (Act No. 28 of 1963), and the First Schedule to the Railways and Harbours Second Additional Appropriation Act, 1963 (Act No. 59 of 1963):	
Head No. 2: New Works on Open Lines	665,200
Head No. 6: Airways	150,000
	R2,815,200

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—C378.